higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3

(11020293)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC(O)V

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Ekonomiese regulasies beteken dat 'n agentskap beleggingsverpligtinge teenoor beleggings en nuwe kliënte moet reguleer.

1.2 Openbare vragvervoer lewer 'n diens aan alle kliënte en pendelaars sonder om te diskrimineer, maar dit mag nie in 'n spesifieke tipe vrag, spesifieke kliëntebasis, en so meer, spesialiseer nie.

1.3 Transnet Vragspoor (*TFR*) hou regoor Suid-Afrika 'n omvattende spoornetwerk, wat by ander spoornetwerke in die streek besuide die Sahara aansluit, in stand.

1.4 Stedelike en plattelandse pendelaars is die gebruikers van die passasiersvervoermark.

1.5 Die vernaamste oogmerk van lugvaartbeleid is om te verseker dat lugvervoer veilig, betroubaar en duur is.

1.6 Die teenstellende teorie oor waarom vervoerregulasies noodsaaklik is, is verbruikersbeskerming.

1.7 Algemene karweiersvervoerdienste word aan die hand van 'n lisensie of gesag wat deur 'n reguleringsinstansie of deur die regering voorsien word, aan die publiek aangebied.

1.8 Die ontwikkelings in vervoer en verbeterings aan infrastruktuur beïnvloed individuele gebruikers se vervoerervaring positief deurdat bekostigbare tariewe aangebied word.

1.9 As wetgewing nie nagekom word nie, kan diegene wat vir die oortreding van wette verantwoordelik is, nie in die hof vervolg word nie.

1.10 'n Oortreding is 'n skending of verbreking van 'n wet, bevel of plig.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die huidige vergoedingstelsel van die Padongelukkefonds word ook gesien as dat dit oop vir misbruik is weens hierdie aspek	A	voertuie wat deur diere getrek word
2.2	Die primêre oogmerk en doel van hierdie program is om 'n taxibedryf daar te stel wat veilig is	B	binnelandse beleid
2.3	Die implementering van die nasionale skoliervervoerbeleid sluit dit in	C	TVS (*TRF*)
2.4	Die kenmerkende afdeling van lugvaartbeleide	D	THB (*TRP*)
2.5	Lewer diens aan kliënte in bedryfsgebaseerde besigheidsegmente soos mynbou	E	bedrog

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Skryf die volgende afkortings/akronieme uit:

3.1 NDV (*NdoT*)

3.2 OGPVA (*CBRTA*)

3.3 NASMEP (*NATMAP*)

3.4 SAOG (*SADC*)

3.5 IMB

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Omskryf die volgende begrippe. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (4.1–4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Private vervoer

4.2 Private vragmark

4.3 Mandaat

4.4 Smokkelary

4.5 Smokkelary van goedere

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem VIER vorme van vervoerverwante oortredings en misdaad. (4)

5.2 Identifiseer DRIE sekuriteitsopgraderings van Transnet se Nasionale Hawe-owerheid. (3 × 1) (3)

5.3 Lees die volgende stelling en beantwoord die vraag wat volg. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (5.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Volgens die riglyndokument is die oogmerk van die voorbereiding van 'n geïntegreerde vervoerplan om 'n klemverskuiwing in vervoerbeplanning teweeg te bring.

Verduidelik DRIE oogmerke. (3 × 2) (6)

5.4 Noem TWEE redes vir vervoerregulasies wat die vervoerbedryf in die groter ekonomie rig. (2 × 1) (2)

5.5 Beskryf TWEE aspekte wat as die probleemstelling genoem word wat die ontwikkeling van 'n geïntegreerde nasionale vervoerplan noodsaak. (2 × 2) (4)

5.6 Identifiseer VIER verantwoordelikhede van die NDV. (4)

[23]

VRAAG 6

6.1 Beskryf VYF sekondêre oogmerke van die taxiherkapitaliseringsbeleid. (5 × 2) (10)

6.2 Verduidelik VIER binnelandse beleide met betrekking tot die lugvaartbedryf. (4 × 2) (8)

6.3 Lees die volgende stelling en beantwoord die vraag wat volg. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (6.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Die samestelling van die vragvervoermark word deur 'n wye verskeidenheid openbare en private entiteite gekenmerk. Volgens 'n konsepverslag oor handelsvervoer (Naudé 1999) maak hierdie entiteite van vervoerdienste vir handelsdrywing in verskillende kategorie nywerhede gebruik.

Noem VYF industriekategorieë. (5) **[23]**

VRAAG 7

7.1 Verduidelik VYF beleidsbesluite wat met die Padongelukkevoordeelskema (*RABS*) se strategiese doelwitte in verband gebring kan word. (5 × 2) (10)

7.2 Transnet Nasionale Hawe-owerheid is die grootste hawe-owerheid op die vasteland en dit dien as landheer vir die agt kommersiële seehawens al langs Suid-Afrika se kuslyn van 2 954 km af.

Noem VYF seehawens in Suid-Afrika. (5)

7.3 Die Lughawemaatskappy Suid-Afrika (*ACSA*) se rol is om Suid-Afrika se nege vernaamste lughawens te bedryf en lugrederye van wêreldklas, veilige infrastruktuur te voorsien.

Identifiseer VYF internasionale lughawens in Suid-Afrika. (5)

7.4 Noem VIER groot brandstofmaatskappye wat van Transnet se pypleiding in Suid-Afrika gebruik maak. (4) **[24]**

TOTAAL VIR AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou